# LAERSKOOL MIKRO

*... waar kind nog kind kan wees ...*

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

35/2022

25 Oktober 2022

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Op Donderdag, 27 Oktober 2022 om 19:00 in die skoolsaal word die skool se begroting vir 2023 aan ouers voorgelê vir goedkeuring. Ons kry dikwels deur die loop van 'n jaar navrae van ouers waarvan die antwoorde direk of indirek met die skool se begroting te make het. Indien u die bg. vergadering bywoon, sal u bewus word van die "groter prentjie" oor die skool se finansies en u sal vele ander aspekte van die skool se werking, baie beter verstaan. Woon dit gerus by.

Ons graad 6-leerders het verlede week 'n baie suksesvolle buitelugkamp (S.O.S-kamp) naby Villiersdorp bygewoon. Die leerders het hulle baie goed gedra en die betrokke onderwysers was dankbaar vir almal se samewerking. Die belangrikheid van die bywoning van so 'n kamp is weereens beklemtoon. Dit leer kinders onafhanklikheid, selfvertroue en spanwerk. Dankie aan elke ouer wat dit vir hul kind moontlik gemaak het om op hierdie kamp te gaan.

Mnr Dennis Conradie (Sportbestuurder) het hierdie jaar sy onderwyskwalifikasie voltooi. Gevolglik het hy aansoek gedoen vir onderwysposte en is toe by Laerskool De Kuilen vanaf volgende jaar aangestel. Hy sal dus aan die einde van vanjaar by Mikro klaar maak. Ons wens vir hom geluk met sy eerste onderwyspos. Daar sal nog op 'n geskikte tyd van hom afskeid geneem word. Die proses om 'n nuwe sportbestuurder aan te stel, sal spoedig begin.

Sportondersteunersklub: Die Beheerliggaam sal op hul vergadering van 1 November 2022, 'n besluit neem oor die pad vorentoe met die moontlike stigting van 'n sportondersteuners-klub. Inligting soos verkry vanuit die vergadering, wat op 28 September 2022 hieroor plaasgevind het, sal as basis vir verdere bespreking dien. Ons sal u op hoogte hou.


## 2. SUPERSPAR KUILSRIVIER: KOMPETISIE TUSSEN SKOLE

Superspar se kompetisie tussen skole het reeds begin. A.g.v. u bydrae is Mikro tans in die 4de plek.

Die kompetisie eindig in November en die wenskool kry R12 000. Tweede plek kry R8 000 en die derde plek, R5 000.

Ondersteun die kompetisie en gaan koop u kruideniersware by SUPERSPAR KUILSRIVIER. Gooi u kasregisterstrokie in die gepaste houer. Indien u die strokie wil hou, vra vir `n herdruk en gooi dit in die houer.

**KOM ONS WEND 'N SPANPOGING AAN EN ONDERSTEUN HIERDIE PROJEK!!!**




3. **KOS@MIKRO**

Op Saterdag, 5 November 2022 vind die KFC Mini-kriekettoernooi plaas en sal 0.7, 0.8 en 0.9-leerders die geleentheid hê om hul slag op die krieketveld te wys.

Sodoende het ons laaste Kos@Mikro-geleentheid vir die jaar aangebreek en wil ons graag alle ouers aanmoedig om hulself beskikbaar te stel om te help by die kosstalletjies. Ons wil graag 'n spesiale beroep doen op die betrokke 0.7, 0.8 en 0.9-ouers om aan te meld.

Daar sal nader aan die tyd wedstrydbepalings asook 'n Kos@Mikro-skakel via WhatsApp versprei word.

4. **SPORTPROGRAM WEEK 3: 24 – 28 OKTOBER 2022**



*Hierdie program is onderhewig aan veranderinge / kansellasies*

**Krieket o.11 (gebore 2011 & 2012) & o.13 (gebore 2009 & 2010):**
***Woensdag 26 Oktober***

o.11C teen Kenridge by Kenridge om 15:00
o.11B teen Kenridge by Mikro om 15:00
o.11A teen Kenridge by Mikro om 15:00

***Donderdag 27 Oktober***
o.13C teen Kenridge by Kenridge om 15:00
o.13B teen Kenridge by Kenridge om 15:00
o.13A teen Kenridge by Mikro om 15:00

**Mini-krieket o.7-o.9:**
***Donderdag 27 Oktober (alle wedstryde tuis by Laerskool Mikro)***

o.7B Mikro teen Brackenfell E om 15:00
o.7A Mikro teen Mikro C om 14:30

o.8B Mikro teen Brackenfell D om 15:00
o.8A Mikro teen Mikro C om 14:30

o.9B Mikro teen Brackenfell D om 15:45
o.9A Mikro teen Reddam House A om 14:45

**Tennis:**
***Woensdag 26 Oktober***

o.13 seuns B-liga – Mikro A teen Durbanville Curro B by Durbanville Curro om 16:00
o.13 seuns C-liga – Mikro B teen Welgemoed C by Mikro om 16:00
o.13 seuns C-liga – Mikro C: Loslootjie



o.11 seuns B-liga – Mikro A teen Kenridge B by Mikro om 14:45
o.11 seuns C-liga – Mikro B teen Gene Louw D by Mikro om 14:45

o.13 dogters B-liga – Mikro A teen Brackenfell B by Mikro om 16:00
o.13 dogters C-liga – Mikro B: Loslootjie
o.13 dogters C-liga – Mikro C teen Bastion A by Bastion om 15:15

o.11 dogters B-liga – Mikro A teen Durbanville C by Durbanville om 14:30

**Atletiek:**
***Vrydag 28 Oktober:*** Bredasdorp Top 10 Atletiekbyeenkoms – Die 10 atlete wat hieraan deelneem, het reeds briewe ontvang.

5. **FOTO'S:** **WOENSDAG, 26 OKTOBER 2022**

Die leerders wat betrokke is by die onderstaande foto's kom môre, Woensdag, 26 Oktober 2022, in die klere waarin hulle eerste afgeneem word, skool toe en bring ander skooldrag saam waarin hul ook afgeneem moet word. Sien op program die korrekte kleredrag vir elke foto – indien 'n leerder die verkeerde drag aan het, sal hy/sy nie op die foto verskyn nie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 07:20 | Personeel | | Alle personeel |
| 08:15 | Gr.1 – individuele- en klasfoto's | Somersdrag | Gr. 1 onderwysers en klas-assistente |
| 09:15 | Gr. 7 groepfoto | Formele somersdrag | Gr. 7 onderwysers en Mnr. Mouton |
| 10:30 | Junior Koor | Formele somersdrag | Mee. Adré van Lill en Carike Steenkamp |
| 11:00 | Senior Koor | Formele somersdrag | Mee. Alida Nell en Carike Steenkamp |
| 11:30 | Mediaprefekte | Formele somersdrag | Me. Stephanie van Wyk, Mnre. André v/d Merwe, Henk Wichers en Johan Vermeulen |
| 11:45 | Redenaars | Somersdrag | Me. Natasha Marais |

Hierdie tye is net 'n aanduiding vir die program van die dag.

DIE LEERDERS MOET EENVORMING AANGETREK WEES.

6. **ENGELS HUISTAAL:** **GR. 4 TOT 6**

In hierdie Mikrofokus is 'n afskeurstrokie rakende Engels as Huistaal. Hierdie evaluering geld slegs vir huidige gr. 4- tot 6-leerders wat tans nie Engels Huistaal neem nie. Belangstellende ouers moet die voltooide afskeurstrokie voor/op Vrydag, 11 November 2022 by die betrokke klasopvoeder inhandig. Keuring sal op Donderdag, 1 Desember 2022 plaasvind.

7. **SKOOLFONDS/FINANSIES**

Groot dank aan elke ouer wie getrou en stiptelik hul skoolfonds betaal. U betaling en samewerking word hoog op prys gestel. Sonder u getroue betalings en samewerking, kan Mikro nie die sukses behaal en hoë kwaliteit onderrig aan die leerders bied wat hulle toekom nie.

Let asseblief daarop dat alle skoolgelde vir die skooljaar van 2022 betaal moet wees teen/op 1 Desember 2022. Sou u rekening agterstallig wees, kontak asseblief dringend die finanskantoor om reëlings te tref of uit te vind ivm finansiële hulp.

Hiermee 'n herinnering aan ouers om asseblief seker te maak dat u die korrekte betalings-verwysing gebruik. Die finanskantoor kan nie verantwoordelik gehou word as u die verkeerde verwysing gebruik en die betalings nie op u staat reflekteer nie. Stuur gerus bewys van betaling aan adebeer@laerskoolmikro.co.za

**8. <u>OUERS WAT VERHUIS/LEERDERS WAT 'N ANDER SKOOL GAAN BYWOON: WKOD-OORPLASINGSVEREISTES</u>**

Graad R– tot gr. 6-leerders wat volgende jaar 'n ander skool gaan bywoon, se ouers moet asseblief die klasopvoeder en/of skoolsekretaresse (info@laerskoolmikro.co.za) betyds en skriftelik in kennis stel, sodat ons 'n WKOD-oorplasingsvorm gereed kan kry. Die oorplasingsvorm moet deur die ouers self afgehaal word.

Alle gr. 7-leerders kry outomaties 'n oorplasingsvorm saam met hul rapport en u hoef dit dus nie aan te vra nie. Ouers wat die skool reeds in kennis gestel het, hoef nie weer te reageer nie. Pas hierdie vorm baie goed op, aangesien u kind by geen skool sonder hierdie dokument aanvaar sal word nie. **<u>GEEN</u>** duplikate kan uitgereik word nie.

Voorspoed vir die week.

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**

VUMA
INTERNET PROUDLY SPONSORED BY: coolideas FIBRE INTERNET

**<u>ENGLISH HOME LANGUAGE: SELECTION FOR 2023 (GRADES 4 – 6)</u>**

Learners who wish to qualify for English Home Language 2023 will be tested on Thursday, 1 December 2022. A final selection will be made from this group. A maximum of 30 learners per class can be accommodated.

<u>Please take note of the following requirements:</u>

- ✓ Above 70% (level 4) for English First Additional Language.
- ✓ A written comprehension test.
- ✓ An informal oral.
- ✓ A writing piece.
- ✓ A spelling test.
- ✓ The fourth term (English Second Language examination) mark will also be taken into consideration.

A notification of the selection results will be included in each learner's report at the end of the fourth term.

**<u>ENGLISH FIRST LANGUAGE 2023 APPLICATION FORM:</u>**

Name and Surname: ______________________________________ Grade: ________

Parents signature: _________________________ Date: ____________